

# **Die betekenis van באמונתו binne die konteks van Habakuk 2:4**

|                   |                 |
|-------------------|-----------------|
| <b>Vak:</b>       | Semitiese tale  |
| <b>Dosent:</b>    | Mnr A Lamprecht |
| <b>Student:</b>   | Cobus Rossouw   |
| <b>Stud. no.:</b> | 12844071        |

## Inhoud.

|                                                                                                              |    |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 1. Inleiding.                                                                                                | 2  |
| 1.1 Probleemstelling.                                                                                        | 2  |
| 1.2 Die objek van die studie.                                                                                | 3  |
| 1.3 Die werkswyse van die studie.                                                                            | 3  |
| 2. Verskillende vertalingsekwivalente van <b>אמונה</b> .                                                     | 4  |
| 2.1 A Concise Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament<br>– William L. Holladay.                      | 4  |
| 2.2 Lixicon in Veteres Testamenti Libros – Koehler & Baumgartner.                                            | 4  |
| 2.3 Strong's Hebrew and Greek Dictionary's                                                                   | 4  |
| 2.4 Samevatting.                                                                                             | 5  |
| 3. Die vasstelling van die semantiese eienskappe van <b>באמונתו</b> .                                        | 5  |
| 3.1 Samevatting.                                                                                             | 8  |
| 3.2 Gevolgtrekking.                                                                                          | 8  |
| 4. Die konteks van Habakuk 2:4.                                                                              | 9  |
| 4.1 Hoe gaan daar te werk gegaan word om die betekenis,<br>wat God aan <b>באמונתו</b> toeken, te bepaal?     | 10 |
| 4.2 Die betekenis wat die onmiddellike konteks van Habakuk 2:4<br>aan <b>באמונתו</b> gee.                    | 11 |
| 4.3 Die betekenis wat die res van die Habakuk boek aan <b>באמונתו</b><br>in Habakuk 2:4 gee.                 | 12 |
| 4.4 Parallele gedeeltes in die Bybel, wat die betekenis van <b>באמונתו</b><br>in Hab 2:4 verder verduidelik. | 13 |
| 4.4.1 Genesis 15:6                                                                                           | 13 |
| 4.4.2 Jesaja 7:9                                                                                             | 14 |
| 5. Samevatting en gevolgtrekking.                                                                            | 15 |
| 6. Bronnelys                                                                                                 | 16 |

## 1. Inleiding.

“Hoe is jy regverdig voor God? Slegs deur ‘n ware geloof in Jesus Christus (Heidelbergse Kategismus Sondag 23 V/A 60). Ja, die verlore mens word verlos nie deur enige eie prestasie nie, maar slegs deur gelowig sy vertrou op God te stel wat Sy volk verlos.

Dit is die goeie nuus vir God se volk. Dit is ook die Evangelie wat Paulus in Romeine en Galasiërs verkondig. En wanneer hy hierdie leer oor die verlossing van God se volk – nie deur eie prestasie nie maar deur die geloof in Jesus Christus – verkondig, dan begrond hy dit op Habakuk 2:4 - **וְצַדִּיק בְּאַמּוֹנָתוֹ יִחְיֶה**. In

Romeine 1:17 staan daar dan die volgende geskryf: “δικαιοσύνη γὰρ Θεοῦ ἐν αὐτῷ ἀποκαλύπτεται ἐκ πίστεως εἰς πίστιν, καθὼς γέγραπται· **ὁ δὲ δίκαιος ἐκ πίστεως ζήσεται.**”

En in Galasiërs 3:11 staan daar: “ὅτι δὲ ἐν νόμῳ οὐδεὶς δικαιοῦται παρὰ τῷ Θεῷ, δηλονότι **ὁ δὲ δίκαιος ἐκ πίστεως ζήσεται**”

Uit hierdie twee aanhalings van Paulus kan die belangrikheid van Habakuk 2:4 in sy Evangelie verkondiging, of liever die Heilige Gees se Evangelie verkondiging, gesien word. Paulus se hele drangrede, sy hele verkondiging dat die mens alleen deur die geloof in God se verlossingswerk gered word, staan op die leer van Habakuk 2:4.

### 1.1 Probleemstelling.

Die manier hoe Paulus Habakuk 2:4 verstaan, word egter nie deur almal gedeel nie. Nie almal verstaan Habakuk 2:4 as sou dit leer, dat die regverdige sal leef deur alleen maar gelowig sy vertrou op God se verlossingswerk te rig nie.

So vertaal die 1983 Nuwe Vertaling **וְצַדִּיק בְּאַמּוֹנָתוֹ יִחְיֶה** as volg: “maar wie reg doen sal lewe omdat hy getrou bly.” In hierdie vertaling lees ‘n mens iets heel anders as wat Paulus in Romeine 1:17 en Gal 3:11 leer. Hier is nie meer sprake van ‘n gelowige vertrou nie, maar van die mens wat moet reg doen en getrou bly.

Die Qumran gemeenskap het die woorde van Habakuk 2:4 ook anders as Paulus verstaan. In 1QpH skryf Ridderbos oor die gemeenskap se verklaring van **וְצַדִּיק בְּאַמּוֹנָתוֹ יִחְיֶה** as volg: “Dit ziet op allen in Juda, die de Torah volbrengen. Op grond van hun werk en van hun geloof in hem, die de wet recht uitlegde, zal God hem bewaren voor het huis des gericht’s” (Ridderbos, 1959: 40).

In die Word Biblical Commentary reeks skryf Ralph L. Smith die volgende oor die verstaan van Habakuk 2:4: “Habakkuk was to wait in faith for God to act. He was assured that judgment on evil would surely come. It will not be late (v 3). But Habakkuk was not to wait with folded hands and bated breath for all this is to happen. He was to live a life of faithfulness (v 4). The evil one is puffed up with pride and he will fall (v 4,5), but the righteous will live by being faithful to his covenant with God.....If Habakkuk was to live by his faithfulness, steadfastness, or trustworthiness, how do the NT writers get a doctrine of salvation by faith in

Christ out of these words? The answer is to be found in the way the LXX translated these verses.....NT writers adopted OT scriptures to fit their purposes” (Smith, 1984: 107).

Uit bogenoemde aanhalings blyk dit dus duidelik dat nie almal Habakuk 2:4 verstaan soos wat die Heilige Gees dit ‘verstaan’ het toe Hy vir Paulus geïnspireer het, om Romeine en Galasiërs te skryf nie. Dit wil egter ook voorkom – veral uit wat Ralph L. Smith skryf – dat die LXX se vertaling van Habakuk 2:4 die verstaansmoontlikhede van hierdie vers verbreed en Paulus se gebruik van Habakuk 2:4 vanuit die LXX vertaling te verstaan is.

### 1.2 Dit bring ‘n mens egter nou by die objek van hierdie studie.

Die objek van hierdie studie is dan om die betekenis van veral באמונתו in die frase וצדיק באמונתו יחיה te bepaal. Of anders gestel. Beteken וצדיק באמונתו יחיה dat die וצדיק deur sy ‘geloof’ of deur sy ‘getrouheid’ sal leef.

### 1.3 Die werkswyse van die studie.

In die eerste plek gaan daar na verskillende vertalingsekwivalente van אמונה in woordeboeke gekyk word. Alhoewel hierdie eerste stap nie die finale fase in die soeke na woordbetekenis is nie (Greijdanus, 1946: 15-18), is dit tog nodig. Sonder een of ander vertaalekwivalent sou באמונתו net ‘n klomp betekenislose simbole gewees het, sonder enige moontlikheid op verdere ondersoek.

In die tweede plek gaan daar gepoog word om te sien watter semantiese eienskappe באמונתו het. Dit gaan dan behels dat daar aandag geskenk gaan word aan twee sake.

- Daar gaan gepoog word om die semantiese eienskappe van אמונה te bepaal. Wat is nou die doel daarvan om die semantiese eienskappe van ‘n woord te vind? Die vraag kan met die volgende voorbeeld beantwoord word. As ek sou sê, “Die sluipmoordenaar is gekeer net voor hy by mnr. De Klerk kon uitkom”, dan kom daar in my gedagtes die volgende inligting oor die woord *sluipmoordenaar* na vore: (a) ek weet dat ‘n sluipmoordenaar ‘n mens is; (b) ek weet dat hy ander mense dood maak en (c) ek weet dat sluipmoordenaars gewoonlik belangrike mense dood maak. Hierdie drie dinge wat ek dan weet van ‘n sluipmoordenaar noem ‘n mens semantiese eienskappe (Fromkin & Rodman, 1993: 125-127; Lamprecht, 2004: 15). As die semantiese eienskappe van אמונה dan verkry kan word, sal dit ‘n mens help om te kan besluit of וצדיק באמונתו יחיה beteken dat die וצדיק deur sy ‘geloof’ of deur sy ‘getrouheid’ sal leef.
- Daar gaan ook gekyk word na die semantiese funksie wat באמונתו in ‘n sin kan vervul. Bv. as ek sou sê, “die seun sit die baksteen op die muur”, dan is ‘*die seun*’ die ‘doener’ of ‘agent’ in die sin, ‘*die baksteen*’ is die pasiënt in die sin en ‘*op die muur*’ is ‘n ‘aanduiding van plek’ in die sin (Fromkin & Rodman, 1993: 139). Die kennis van die semantiese funksie wat באמונתו dan in die

frase וצדיק באמונתו יחיה vervul, sal 'n mens dan verder behulpsaam wees by die bepaling van die betekenis van אמונה.

In hierdie fase van die studie gaan ek my beperk tot die gebruik van אמונה by die profete, alhoewel ek hierdie beperking nie as totaal onbuigbaar sien nie. Dit kan dus soms gebeur dat stof buite die profete in ag geneem kan word.

In die derde plek gaan daar ook na die konteks gekyk word waar in באמונתו in Habakuk 2:4 voorkom. Die belangrikheid van die konteks, in die bepaling van wat 'n woord beteken, kan verduidelik word deur weer te verwys na die voorbeeld van die sluipmoordenaar. Dit sou bv moontlik wees dat iemand nie weet wat die woord 'sluipmoordenaar' beteken nie, alhoewel hy weet wat die woord 'moordenaar' beteken. As die sin, "Die sluipmoordenaar is gekeer net voor hy by mnr. De Klerk kon uitkom", egter nou in 'n paragraaf gestaan het, waar daar verwys word na mnr. De klerk as die Presedent van Suid Afrika en na die sluipmoordenaar as 'n lid van die Russiese spesiale magte, sou die persoon uit die konteks kon agterkom dat 'sluipmoordenaar' hier nie verwys na 'n gewone gewoontemisdadiger nie (Fromkin & Rodman, 1993: 158).

Sou dit dus byvoorbeeld uit die semantiese eienskappe blyk dat אמונה meer as een uiteenlopende betekenis kan hê, moet die konteks 'n mens dan behulpsaam wees in die keuse van die betekenis van באמונתו in Habakuk 2:4.<sup>1</sup>

Met behulp van hierdie drie stappe gaan daar dan gepoog word om die betekenis van באמונתו in die frase וצדיק באמונתו יחיה te bepaal.

## 2. Verskillende vertalingsekwivalente van אמונה.

Soos by 1.3 gesien, gaan daar nou in die eerste plek na verskillende vertalingsekwivalente van אמונה in woordeboeke gekyk word.

### 2.1 A Concise Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament – William L. Holladay

- steadiness (Ex 17:12).
- reliability a) *of men* (1 Sam 26:23), b) *of God* (Deut 32:4), c) *of commandments* (Ps 119:86).
- honesty (Jer 5:1,3).
- permanent duty (of an office – 1 Kron 9:22)
- as bywoord – a) conscientiously (2 Kron 31:12), b) in faithfulness (Ps 119:75)
- security (Ps 37:3).

### 2.2 Lixicon in Veteres Testamenti Libros – Koehler & Baumgartner.

- Festigkeit, unbeweglich (Ex 17:12).
- Zuverlässigkeit a) v Menschen (1 Sam 26:23), b) v Messias (Jes 11:5), c) v Gott, d) v Geboten (Ps 119:86).

<sup>1</sup> 'n Woord kan in 'n bepaalde konteks, op 'n spesifieke tydstip net een betekenis hê (Kaiser, 1994: 38). Hierdie standpunt hang saam met die beskouing dat die Outeur bepaal wat die betekenis van 'n woord is en nie die leser nie (Kaiser, 1994: 30).

- Redlichkeit (Jes 59:4) (staan teenoor שקר).
- Treue (Hos 2:22, Hab 2:4).
- Amptspflicht (1 Kron 9:22).

### 2.3 Strong's Hebrew and Greek Dictionary's

- literally *firmness*
- figuratively *security*; moral *fidelity*: - faith (-ful, -ly, -ness, [man]), set office, stability, steady, truth, verily.

### 2.4 Samevatting.

Uit die geraadpleegde woordeboeke lyk dit dan of die volgende agt vertaalekwivalente vir אמונה verkry kan word:

- Al die woordeboeke gee 'stewigheid' of 'standvastigheid' aan as 'n betekenis van אמונה.
- William L. Holladay en Koehler & Baumgartner gee 'betroubaarheid' aan as 'n betekenis van אמונה.
- William L. Holladay en Koehler & Baumgartner gee 'opregtheid' aan as 'n betekenis van אמונה.
- Koehler & Baumgartner gee 'getrouheid' aan as 'n betekenis van אמונה.
- William L. Holladay en Koehler & Baumgartner gee 'ampsplig' aan as 'n betekenis van אמונה.
- William L. Holladay en Strong's Hebrew and Greek Dictionary's gee 'sekerheid' aan as 'n betekenis van אמונה.
- Strong's Hebrew and Greek Dictionary's gee 'geloof' aan as 'n betekenis van אמונה.
- Strong's Hebrew and Greek Dictionary's gee 'waarheid' aan as 'n betekenis van אמונה.

### 3. Die vasstelling van die semantiese eienskappe van באמונתו.

Soos reeds gesê gaan in hierdie fase van die studie net na die semantiese eienskappe van אמונה en die semantiese funksie van באמונתו by die profete gekyk word.

Om die doelwitte van hierdie fase van die studie te bereik gaan al die verse in die profete wat die woord אמונה bevat in tabel gelys word. Langs die gelyste vers sal dan 'n baie letterlike vertaling van die vers gegee word met die uitsondering van אמונה self. Langs die vertaling sal daar dan gepoog word om die semantiese eienskap en funksie van אמונה te gee.

| Semantiese eienskappe van אמונה                                                                                        | Vers                                 |        |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------|--------|
| <b>Semantiese eienskappe:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• אמונה is iets wat heeltemal deel sal</li> </ul> | והיה צדק אור מתניו והאמונה אור חלציו | J<br>e |

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |                                                                                                                                                         |                                                                                 |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------|
| <p>wees van Christus.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>אמונה</b> dui dus hier op 'n eienskap van Christus.</li> </ul> <p><b>Semantiese funksie:</b><br/> <b>אמונה</b> is kwalifiseer die onderwerp in die sin ( van der Merwe, 1997:200)</p>                                                                             | <p>En geregtigheid sal die gordel van sy lendene wees</p> <p>En die <b>אמונה</b> (sal) die gordel van sy heupe (wees).</p>                              | <p><b>s</b></p> <p><b>1</b></p> <p><b>1</b></p> <p><b>:</b></p> <p><b>5</b></p> |
| <p><b>Semantiese funksie:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>אמונה</b> staan hier in 'n bywoordelike konstruksie by <b>עשית</b> (Holladay, 1988: 20).</li> <li>• <b>אמונה</b> sê dus hoe die HERE iets groots doen en hoe Hy planne maak, of korter gestel – <b>אמונה</b> dui op die wyse hoe die HERE werk</li> </ul> | <p><b>כי עשית פלא עצות מרחוק אמונה אמן</b></p> <p>Want U het iets groots gedoen, planne van tevore <b>אמן אמונה</b></p>                                 | <p><b>Jesaja 25:1</b></p>                                                       |
| <p><b>Semantiese eienskap:</b><br/> <b>אמונה</b> dui hier op 'n eienskap van tyd (van der Merwe, 1997: 153; Keil &amp; Delitzsch, 1965: 59(Jes vol2)).</p> <p><b>Semantiese funksie:</b><br/> <b>אמונה</b> is hier die agent by <b>והיה</b>.</p>                                                                                        | <p><b>והיה אמונת עתיד חסן ישועת חכמת ודעת.....</b></p> <p>En <b>אמונה</b> van jou tye sal bestaan, 'n stoor van verlossings, wysheid en kennis.....</p> | <p><b>Jesaja 33:6</b></p>                                                       |
| <p><b>Semantiese funksie:</b><br/> <b>אמונה</b> dui hier op die wyse hoe daar gepleit moet word – in die hof (Holladay, 1988: 380). Verder moet hierdie wyse waarop gepleit word vertrou in die een wat pleit wek (Keil &amp; Delitzsch, 1965: 396(Jes vol2)).</p>                                                                      | <p><b>אין־קרא בצדק ואין משפט באמונה</b></p> <p>Daar is niemand wat pleit met geregtigheid nie en daar is niemand wat pleit met <b>אמונה</b> nie.</p>    | <p><b>Jesaja 59:4</b></p>                                                       |
| <p><b>Semantiese eienskap:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>אמונה</b> vorm deel van die voorwaarde vir vergifnis.</li> <li>• <b>אמונה</b> is iets wat gesoek kan word.</li> </ul> <p><b>Semantiese funksie:</b><br/> <b>אמונה</b> is die pasiënt van 'n intensiewe soek handeling.</p>                               | <p><b>אם־יש עשה משפט מבקש אמונה ואסלח לה</b></p> <p>As daar iemand is wat reg doen en wat <b>אמונה</b> soek, dan sal Ek vir haar vergeef.</p>           | <p><b>Jeremia 5:1</b></p>                                                       |

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |                           |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------|
| <p><b>Semantiese eienskappe:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>אמונה</b> is vir die HERE 'n aanvaarbare eienskap waarop Sy oë gerig is.</li> <li>• Wanneer daar nie <b>אמונה</b> by mense is nie dan bewe hulle nie as die HERE hulle tref nie. Hulle weier om die HERE se tugtiging te aanvaar, hulle verhard hulle en hulle bekeer hulle nie (Keil &amp; Delitzsch, 1950: 122 (Jer vol1)). <b>אמונה</b> werk dus die aanvaarding van tugtiging en bekering by die mens.</li> </ul> <p><b>Semantiese funksie:</b><br/> <b>אמונה</b> dui op die rigpunt van die HERE se oë.</p> | <p>יהוה עיניך הלווא לאמונה הכיתה<br/> אתם ולא יחלו כליתם מאנו קחת<br/> מוסר חזקו פניהם מסלע מאנו לשוב</p> <p>Is U oë nie gerig op <b>אמונה</b> nie?<br/> U het hulle getref. Hulle het nie gebewe nie. U het hulle vernietig. Hulle het geweier om tugtiging te aanvaar. Hulle het hul gesigte sterker/harder as 'n rots gemaak. Hulle het geweier om terug te keer/te bekeer.</p> | <p><b>Jeremia 5:3</b></p> |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------|

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |                            |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------|
| <p><b>Semantiese eienskappe:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>אמונה</b> word gepraat, dit vorm deel van mense se woordeskat. Woordeskat bring egter ook 'n hartsgesindheid na vore (Calvyn, 2003: 408 (vol 1); Keil &amp; Delitzsch, 1950: 166 (Jer vol1); Botterweck, 1977: 318)</li> <li>• <b>אמונה</b> raak weg en word afgesny uit mense se woordeskat – uit hulle hart – as hulle nie na die stem van die HERE luister nie en nie Sy tugtiging aanvaar nie.</li> <li>• Positief gesien is <b>אמונה</b> die produk van die 'luister na die HERE se stem' en die aanvaarding van Sy tugtiging.</li> </ul> <p><b>Semantiese funksie:</b><br/> <b>אמונה</b> is die agent van iets wat (aktief) wegraak en pasiënt wat afgesny word uit die mond.</p> | <p>זה הגוי אשר הוא שמעו בקול יהוה<br/> אלהיו ולא לקחו מוסר אברהם האמונה<br/> ונברתה מפיהם</p> <p>Hierdie (is) die nasie wat nie geluister het na die stem van Jahwe sy God nie. Hulle het nie die tugtiging aangeneem nie. <b>אמונה</b> gaan verlore, sy (<b>אמונה</b>) word afgesny uit hulle mond.</p> | <p><b>Jeremia 7:28</b></p> |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------|

|                                                                                                                                                                                                                                                                |                                                                                                             |                           |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------|
| <p><b>Semantiese eienskappe:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>אמונה</b> is 'n antoniem van שקר.</li> <li>• <b>אמונה</b> is deel van jou lewe as jy nie in boosheid leef nie en die HERE ken. (Jeni &amp; Westermann, 1997: 148).</li> </ul> | <p>וידרכו את לשונם קשתם שקר ולא<br/> לאמונה גברו בארץ כי מרעה<br/> אלרעה יצאו ואתי לאידעו<br/> נאם יהוה</p> | <p><b>Jeremia 9:2</b></p> |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------|

|                                                                                                                                                                                                              |                                                                                                                                                                                                              |                    |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------|
| <b>Semantiese funksie:</b><br>אמונה spesifiseer die norm waarvolgens opgetree word (van der Merwe, 1997: 233).                                                                                               | En hulle het hulle tong gespan (soos) hulle boog. (volgens) die leun en nie volgens אמונה nie, is hulle hoog in die land want van uit boosheid na boosheid gaan hulle, maar My ken hulle nie – Spreek Jahwe. |                    |
| <b>Semantiese funksie:</b><br>אמונה dui hier die wyse aan hoe die HERE Hom met Sy volk sal verloof.                                                                                                          | וארשתך לי באמונה וידעת את־יהוה<br>En Ek sal jou verloof vir My met אמונה en jy sal Jahwe ken.                                                                                                                | <b>Hosea 2:22</b>  |
| <b>Semantiese funksie:</b><br>אמונה dui hier op die wyse waarop iemand regverdig word en sal lewe; of אמונה dui hier op die wyse waarop die regverdige in die staat van lewe bly (Robertson, 1990: 176-178). | הנה עפלה לא־ישרה נפשו בו וצדיק באמונתו יחיה<br>Kyk, sy siel is opgehewe (en) nie reg in hom nie, maar die regverdige, deur middel van sy אמונה sal hy lewe.                                                  | <b>Habakuk 2:4</b> |

### 3.1 Samevatting.

Uit die bogenoemde Skrifgedeeltes kan nou die volgende oor die semantiese eienskappe en funksies van אמונה saamgevat word.

| Semantiese eienskappe van אמונה |                                   |          | Semantiese funksie van אמונה |
|---------------------------------|-----------------------------------|----------|------------------------------|
| By God                          | By die mens – aanvaarbaar vir God | By dinge | Bywoordelik                  |

|                                                             |                                                                                                                                                                                                                                                                                   |                                                                                                                                                                                                                                                |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |
|-------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>אמונה</b> is 'n eienskap van Christus. (Jer 11:5)</p> | <p><b>אמונה</b> is 'n eienskap by die mens wat vir God aanvaarbaar is. (Jer 5:3)</p> <p><b>אמונה</b> is 'n eienskap wat bekering en aanvaarding van Goddelike tug by die mens bewerk. (Jer 5:3)</p> <p><b>אמונה</b> is 'n eienskap van 'n mens se hartsgesindheid. (Jer 7:28)</p> | <p><b>אמונה</b> is 'n eienskap van tyd. (Jes 33:6)</p> <p><b>אמונה</b> is die teenoorgestelde van die leun – dus die waarheid. (Jer 9:2)</p> <p><b>אמונה</b> moet deur die mens gesoek word, alvorens hy vergifenis kan ontvang. (Jer 5:1)</p> | <p><b>אמונה</b> spesifiseer die norm waarvolgens opgetree moet word. (Jer 9:2)</p> <p><b>אמונה</b> spesifiseer die wyse waarop die HERE teenoor sy volk optree. (Jes 25:1; Hos 2:22)</p> <p><b>אמונה</b> spesifiseer die wyse waarop mense onderling teenoor mekaar moet optree, sodat dit vir God aanvaarbaar is. (Jes 59:4)</p> <p><b>אמונה</b> spesifiseer die wyse waarop 'n mens regverdig word en/of waarop die regverdige sal leef. (Hab 2:4)</p> |
|-------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

### 3.2 Gevolgtrekking.

By Habakuk 2:4 spesifiseer **אמונה** die wyse waarop 'n mens regverdig word en/of die wyse waarop die regverdige sal bly leef. Met die semantiese eienskappe van **אמונה** ingedagte, sou ek dan voorlopig die volgende voorstelle ten opsigte van die wyse waarop 'n mens regverdig word en/of die wyse waarop die regverdige sal bly leef, wil maak.

- “Die regverdige deur *[iets van hom wat vir God aanvaarbaar is]* sal hy leef.”
- “Die regverdige deur *[iets van hom wat bekering en aanvaarding van Goddelike tug by die mens bewerk]* sal hy leef.”
- “Die regverdige deur *[sy hartsgesindheid wat aanvaarbaar is vir God]* sal hy leef.”

By 1.2 is daar egter gesê dat dit die objek van hierdie studie is, om vas te stel of die **אמונה** deur sy ‘geloof’ of deur sy ‘getrouheid’ sal leef. As ‘geloof’ en ‘getrouheid’ nou gemeet word aan die drie voorlopige voorstelle wat gemaak is vir die betekenis van **אמונה** in Habakuk 2:4, sou ek op hierdie stadium die volgende gevolgtrekking wil maak:

- ‘Geloof’ en ‘getrouheid’ sou pas by definisie (a) en (c).
- By definisie (b) sou ek voorkeur gee aan ‘geloof’.<sup>2</sup>

Uit die bogenoemde gevolgtrekking blyk dit duidelik dat meer inligting nodig sal wees om 'n finale keuse te maak tussen ‘geloof’ en ‘getrouheid’. Dit bring 'n

<sup>2</sup> Die semantiese eienskap wat gebruik is as definisie by (b) is afgelei uit Jer 5:3. Luther vertaal **אמונה** by Jer 5:3 dan ook met geloof – “HERR, deine Augen sehen nach dem Glauben. Du schlägst sie, aber sie fühlen's nicht; du machst es schier aus mit ihnen, aber sie bessern sich nicht. Sie haben ein härter Angesicht denn ein Fels und wollen sich nicht bekehren.”

mens egter nou uit by die volgende stap in die werkswyse om by die betekenis van Habakuk 2:4 te kom, naamlik om ook na die konteks van Habakuk 2:4 te kyk.<sup>3</sup>

#### 4. Die konteks van Habakuk 2:4.

Oor wat met konteks bedoel word sê Formkin en Rodman die volgende: "Context includes the speaker, hearer, and any third parties present, along with their beliefs about what the other believe. It includes what has been previously uttered, the physical environment, the 'topics' of conversation, the time of day, and so on, ad infinitum" (Formkin & Rodman, 1993: 159).

'n Voorbeeld van hoe die konteks die betekenis van die woord 'vryheid' beïnvloed vind mens in Johannes 8:32-34:

"En julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vry maak. Hulle antwoord Hom: Ons is die geslag van Abraham en het nog nooit slawediens verrig nie; hoe sê U dan: Julle sal vry word? Jesus antwoord hulle: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is."

In hierdie gedeelte word die woord 'vryheid' deur Jesus Christus binne die konteks van verlossing van sondes gebruik, terwyl die Jode 'vryheid' binne die konteks van 'vry van gediensdigheid aan 'n mens' gebruik.

Uit hierdie voorbeeld kom egter nog 'n baie belangrike faktor na vore. Dit is dat die hoorder of leser van 'n teks, te midde van sy eie konteks en die konteks waarin die teks ontstaan het, by die betekenis, wat die outeur aan die teks geheg het, moet uitkom om te verstaan wat die teks sê (Kaiser, 1994: 30)<sup>4</sup>.

Wanneer 'n mens dan met 'n teks in die Biblia Hebraica Stuttgartensia te doen het moet daar in gedagte gehou dat God die Outeur is van wat jy lees.<sup>5</sup> Daar moet dus uit gekom word by die betekenis wat God aan die teks geheg het. Of anders gestel, die konteks waarbinne woorde en sinne in God se Woord voorkom is in die eerste plek die 'gedagtes' van God en nie die konteks van die menslike outeur, deur wie God Sy 'gedagtes' bekend gemaak het nie (Greijdanus, 1946: 7, 46, 88).<sup>6</sup>

Omdat die konteks waarbinne woorde en sinne in God se Woord figureer, in die eerste plek die 'gedagtes' van God is, is dit belangrik om te let op Sy 'hoofgedagte',

---

<sup>3</sup> Sien 1.3.

<sup>4</sup> Die standpunt dat die outeur die betekenis van 'n teks bepaal word ook gehuldig deur E.D. Hirsch. Teenoor Hirsch se standpunt huldig Gadamer dat "the subject matter, not the author, is the determiner of meaning" en Ricoeur dat "the text now means whatever it says, not necessarily what its author meant" (Kaiser, 1994: 28-31).

<sup>5</sup> Sien art. 3 NGB.

<sup>6</sup> Die waarheid van hierdie stelling kan in die volgende voorbeeld gesien word: "En een van hulle, Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was, sê aan hulle: julle weet niks nie en dink nie daaraan dat dit vir ons voordelig is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie. En dit het hy nie uit homself gesê nie; maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die volk sou sterwe." (Joh 11:49-51). In bogenoemde aanhaling het Kajafas 'n totaal ander bedoeling met sy woorde as God – die eintlike Outeur. Deur nou in die eerste plek te let op wat Kajafas se bedoeling met die woorde was, sou mens glad nie God se bedoeling met die woorde verstaan het nie.

wat Hy dan in Sy Woord openbaar. Hierdie hoofgedagte van God, is Sy selfopenbaring in Jesus Christus (Greijdanus, 1946: 50, 88).<sup>7</sup>

Hieruit vloei egter nou voort dat elke deeltjie van God se 'gedagtes', wat die mens met sy beperkte verstandelike vermoë stuksgewys waarneem, deel vorm van 'n groter geheel. 'n Mens sou dit kon voorstel as 'n legkaart waarvan ons soms net stukkies sien. Hierdie legkaartstukkies kry egter eers hulle volle betekenis as hulle gesien word binne die 'konteks' van die hele voltooide legkaart. Toegepas op God se Woord, beteken dit dat elke stukkie teks eers sy ware betekenis kry, as dit gesien word in God se totale Openbaring met die hoogtepunt daarvan, Sy selfopenbaring in Jesus Christus.

Dit bring 'n mens egter nou weer uit by die objek van die studie – om die betekenis van **בְּאֵמוּנָתוֹ יְיָהּ** in die frase **וַצַּדִּיק בְּאֵמוּנָתוֹ יְיָהּ** te bepaal. 'n Mens het hier dus met 'n ontsaglik klein legkaartstukkie te doen, wat slegs betekenis kan kry binne die konteks van die 'gedagtes' van God. Of anders gestel, net die Outeur van Habakuk 2:4 kan vir 'n mens werklik sê wat Hy presies bedoel het met **וַצַּדִּיק בְּאֵמוּנָתוֹ יְיָהּ**.

#### **4.1 Hoe gaan daar nou te werk gegaan word om die betekenis, wat God aan **בְּאֵמוּנָתוֹ יְיָהּ** toeken, te bepaal?**

- In die eerste plek gaan daar gekyk word na hoe die legkaartstukkies in die onmiddellike omgewing van **בְּאֵמוּנָתוֹ יְיָהּ** meer betekenis daar aan gee. Daar gaan dus nie net na Habakuk 2:4b – **וַצַּדִּיק בְּאֵמוּנָתוֹ יְיָהּ** – gekyk word nie, maar ook na Habakuk 2:4a – **הִנֵּה עֹפְלָה לֹא־יִשְׁרָה נִפְשׁוֹ בּוֹ**.
- Tweedens gaan gekyk word hoe die res van die Habakuk boek meer betekenis aan **בְּאֵמוּנָתוֹ יְיָהּ** in Habakuk 2:4 gee.
- In die derde plek gaan daar dan na parallelle gedeeltes in die Bybel gekyk word wat die betekenis van **בְּאֵמוּנָתוֹ יְיָהּ** in Habakuk 2:4 verder verduidelik. Met parallelle gedeeltes word dan bedoel, verbale parallelle gedeeltes – waar die woord in Habakuk 2:4, ook in ander gedeeltes voorkom – en tematiese parallelle gedeeltes – waar die situasie, en beginsels op die spel, die selfde is as in Habakuk 2:4 (Kaiser, 1994: 200).<sup>8</sup>

#### **4.2 Die betekenis wat die onmiddellike konteks van Habakuk 2:4 aan **בְּאֵמוּנָתוֹ יְיָהּ** gee.**

<sup>7</sup> Dat hierdie stelling ook waar is vir die Ou Testament sien 'n mens in Romeine 1:1-3: "Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God – wat Hy tevore beloof het deur Sy profete in die heilige Skrifte, aangaande Sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid..." Uit hierdie aanhaling uit Romeine is dit dus duidelik dat dit in God se 'gedagtes' – wat hy aan ons bekend maak – gaan om die Evagelie van Jesus Christus, ook in die Ou Testament.

<sup>8</sup> Dat daar na parallelle gedeeltes gekyk kan word spruit voort uit my geloof dat God die Outeur van die Skrif is. Die Skrif is die openbaring van Sy 'gedagtes'. En Sy 'gedagtes' vorm 'n organiese, logiese en samehangende geheel (sien ook Kaiser, 1994: 193-206).

| Habakuk 2:4a                                                                                                                                                                                                                                                       |  | הנה עפלה לא־ישרה נפשו בו                   |         |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--|--------------------------------------------|---------|
| Vertaling & Opmerkings                                                                                                                                                                                                                                             |  | Sintaktiese ontleding                      |         |
| <i>kyk</i>                                                                                                                                                                                                                                                         |  | Diskoersmerker                             | הנה     |
| Met hierdie partikel word die aandag gevestig op wat nou gaan volg. (van der Merwe, 1997: 271; Robertson, 1990: 174).                                                                                                                                              |  |                                            |         |
| <i>Sy is op 'n vermetel wyse opgehewe (en) nie opreg nie</i>                                                                                                                                                                                                       |  | ww: pual, perf, 3de ev vl van עפל          | עפלה    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Deur hierdie ww konstruksie word die toestand van נפשו beskryf.</li> <li>Die betekenis van word afgelei uit die gebruik van ויעפל in Num 14:44 en die betekenis van die snw vorm van עפל (Keil &amp; Dilitzsch).</li> </ul> |  | negatiewe ww: qal, perf, 3de ev vl van ישר | לא־ישרה |
| <i>Sy siel</i>                                                                                                                                                                                                                                                     |  | Subjek + persoonsuffiks                    | נפשו    |
| <i>In hom</i>                                                                                                                                                                                                                                                      |  | Voorsetsel frase by die ww                 | בו      |
| Die voorsetsel lokaliseer die plek waar die ww plaasvind. (van der Merwe, 1997: 227).                                                                                                                                                                              |  |                                            |         |
| <b>Gevolgtrekking – Hab 2:4a.</b><br>In Habakuk 2:4a het 'n mens dus te doen met iemand wie se siel vermetel trots en nie opreg is nie.                                                                                                                            |  |                                            |         |

| Habakuk 2:4b                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |                                  | וצדיק באמונתו יחיה |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------|--------------------|
| Vertaling & Opmerkings                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           | Sintaktiese ontleding            |                    |
| <i>Maar 'n regverdige</i> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die waw kopulat dui hier op kontras tussen die וצדיק en die mens wie se siel vermetel trots en nie opreg is nie (van der Merwe, 1997: 245).</li> <li>Deur die sinspossisie van die subjek word dit beklemtoon (Robertson, 1990: 178).</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                | waw kopulat + subjek             | וצדיק              |
| <i>deur die אמונה van hom</i> <ul style="list-style-type: none"> <li>Deur die sinspossisie van die voorsetselfrase voor die ww word dit beklemtoon.</li> <li>Die wyse hoe die mens regverdig word en/of die regverdige sal bly leef word dus in Hab 2:4b sterk beklemtoon (Robertson, 1990: 178).<sup>9</sup></li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         | Voorsetselfrase by die ww.       | באמונתו            |
| <i>hy sal lewe</i>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               | ww: qal imperf 3de ml ev van חיה | יחיה               |
| <b>Gevolgtrekking – Hab 2:4b.</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>In Hab 2:4b word klem geplaas op die וצדיק.</li> <li>Hierdie beklemtoonde וצדיק staan in kontras met die mens wie se siel vermetel trots en nie opreg is nie (Hab 2:4a).</li> <li>Ook die manier hoe die regverdige regverdig word of sal lewe word beklemtoon. Die manier van regverdiging of die manier hoe die regverdige sal leef is dus hier baie belangrik.</li> <li>Hierdie manier hoe die regverdige regverdig word of sal lewe staan dan ook in kontras met die vermetel trotse en onopregte lewe van die mens wat met die וצדיק gekontrasteer word.</li> </ul> <p>Hierdie kontras behels dan ook dat die וצדיק nie op enige eie waarde of kwaliteite moet steun nie (sien ook Keil &amp; Dilitzsch).</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die kontras tussen die וצדיק en die mens wie se siel vermetel trots en nie opreg is nie, impliseer dan ook dat die hy sal sterf, terwyl die וצדיק sal leef (Robertson, 1990: 175).</li> </ul> |                                  |                    |

#### 4.3 Die betekenis wat die res van die Habakuk boek aan באמונתו in Habakuk 2:4 gee.

Die gedagtegang van die boek Habakuk kan in twee gesprekke en 'n danklied verdeel word. Die twee gesprekke en die danklied kan soos volg opgesom word (Hill & Walton, 2000: 516 en 518):

*Die eerste gesprek (1:1-11):*

<sup>9</sup> Volgens O. Palmer Robertson wys die Masoretiese aksenttekens tesame met die algemene vorm van sinne, wat saamgestel is soos Hab 2:4, dat die voorsetselfrase die ww bywoordelik bepaal. Die voorsetselfrase sê dus hoe die regverdige sal bly leef en nie hoe hy regverdig sal word nie (Robertson, 1990: 177). Alhoewel ek met sy standpunt kan saamgaan, toon hy nie vir my genoegsaam aan hoe hy by sy antwoord uit kom nie – 'n beroep op die Masoretiese aksenttekens dra nie vir my genoeg gewig nie. Ek sou dus op hierdie stadium die moontlikheid wil oop laat dat die voorsetselfrase op twee maniere verstaan kan word.

Habakuk se klag – die goddelose word nie gestraf nie. Die regverdige egter, ly en gaan selfs sterf.

Die HERE se antwoord – Hy openbaar dat Hy die goddeloses sal straf.

*Die tweede gesprek (1:12-2:20):*

Habakuk se klag – as God die goddeloses in Juda straf gaan ook die regverdige ly en 'n meer goddelose nasie – die Babiloniërs gaan oorwin.

Die HERE se antwoord – die goddeloses sal op Sy tyd gestraf word maar die regverdige sal leef deur sy אמונה.

*Habakuk se danklied (3:1-19):* Habakuk bely sy vertroue in die HERE en wag op Hom.

*Die doel* van Habakuk is dan om aan die regverdige te leer dat hy te midde van slegte omstandighede nie sy ervaring as die waarheid moet aanvaar en daarom dink dat die HERE ontrou is nie. Nee, hy moet altyd in die HERE se openbaring glo en daarop vertrou.

Uit bogenoemde kan nou die volgende gevolgtrekking gemaak word:

- Die boodskap van Habakuk 2:4 vorm deel van God se antwoord op Habakuk se klag. Sy klag hou in dat die lewe van die regverdige deur die Babiloniërs – die mens wie se siel vermetel trots en nie opreg is nie – bedreig word.
- Hierdie antwoord van God kom dus in 'n tyd, wanneer dit lyk asof die regverdige verlore is. Daar is vir hom geen uitkoms nie. Daar is geen manier dat hy uit eie vermoë iets aan sy situasie kan doen nie.
- Dit is dan verder belangrik om te let op die feit dat die klem hier op die regverdige lê en nie op enige iemand anders nie. Gelykstaande met die klem wat geplaas word op die regverdige, is die klem wat geplaas word op die feit dat אמונה die enigste wyse is waarop hy regverdig is en/of waarop hy as regverdige te midde van die bedreiging sal leef.
- In die konteks van die kontras tussen die regverdige en die vermetel trotse mens, behels die אמונה waardeur die regverdige moet leef, geen eie waarde of kwaliteite in homself nie.

#### **4.4 Parallele gedeeltes in die Bybel, wat die betekenis van אמונה in Hab 2:4 verder verduidelik.**

##### **4.4.1 Genesis 15:6.**

Die eerste parallelle gedeelte waarna gekyk gaan word is Gen 15:6. Hierdie gedeelte word gekies omdat daar verbale ooreenstemming is in die stam vorme van אמונה en צדיק (sien ook Keil & Dilitzsch en Robertson, 1990: 178). In Gen 15:6 is daar egter ook tematiese ooreenstemming. Abraham moet die Woord van die HERE aanvaar te midde van die feit dat sy ervaring teen die Woord van die HERE spreek (sien Gen 15:1-5 en Rom 4:18-19). Hierdie situasie kom ook by Habakuk voor (sien 4.2).

In Gen 15:6 lees 'n mens die volgende: “והאמן ביהוה ויחשבה לו צדקה.” In hierdie vers leer 'n mens dat Abraham 'n regverdige is deur te glo in die HERE.

As 'n mens dan אמינה as die wyse waarop die צדיק in Hab 2:4 regverdig word sien, spreek dit van self dat אמינה in Hab 2:4 as 'geloof' verstaan moet word.<sup>10</sup> Die mens wat dan regverdig is deur sy geloof sal dan ook leef en nie sterf soos die mens wie se siel vermetel trots en nie reg is nie.

As אמינה egter יחיה bywoordelik bepaal, kan gevra word of die mens wat deur sy geloof regverdig is (Gen 15:6) deur iets anders as geloof sal bly leef. By 4.1 en 4.2 is daar egter reeds daarop gewys dat die צדיק nie op enige eie waarde of kwaliteite moet steun om so in die lewe te bly nie. In hierdie lig beskou sou dit dus nie sin maak vir die צדיק om deur 'getrouheid' of 'deur reg te doen' te bly leef nie (sien ook Robertson, 1990: 179).<sup>11</sup>

#### 4.4.2 Jesaja 7:9.

Die tweede parallelle gedeelte waarna gekyk gaan word is Jesaja 7:9. Hierdie gedeelte word gekies omdat daar 'n verbale ooreenstemming is in die stam vorme van אמינה. In Jesaja 7:9 is daar egter ook tematiese ooreenstemming. In Jesaja 1-9 lees 'n mens van 'n militêre bedreiging teen Jerusalem – net soos in die dae van Habakuk. Die Profeet Jesaja verkondig dan aan Koning Agas dat hy nie moet vrees nie, maar moet glo in en vertrou op God wat die verlossing sal gee (Jenni & Westermann, 1997: 144).

---

<sup>10</sup> Dit is interessant om te let op die objek by ויחשבה, naamlik die 3de persoon enkelvoudige vroulike pronominale suffiks. Hierdie pronominale suffiks se antesedent in Gen 15:6 is והאמן. Dit maak egter nie heeltemal sin nie omdat daar niks by והאמן is wat geslagtelik ooreenstem met die pronominale suffiks nie. Hieruit volg dat die antesedent van die pronominale suffiks die ooreenstemmende naamwoord by והאמן is, naamlik אמינה (sien ook Robertson, 1990: 179 en Jenni & Westermann, 1997: 144). Vir my om hierdie moontlikheid as feit te stel sal egter verdere studie verg.

<sup>11</sup> Sien verwysing na 'reg doen' by 1.1 **Probleemstelling**.

Verder is dit belangrik om te let dat daar by punt 4 gesê dat net die Outeur van Habakuk 2:4 vir 'n mens werklik kan sê wat Hy presies bedoel het met וצדיק באמינותו יחיה. Hier is dit dan belangrik om te let op wat Walter C. Kaiser in hierdie verband sê: “Since the Mind governing Scripture is one, is it not appropriate and fair to God the Holy Spirit to gather his total thinking on a particular subject, much as we might do with the writings of a human author?” (Kaiser, 1994: 197). Uit die hele leer van die Skrif is dit duidelik dat die mens se goeie werke ('getrouheid' of 'reg doen'), al is dit deur die Heilige Gees in die mens gewerk om dit te doen, nie sy geregtigheid of 'n deel daarvan kan wees nie (Heidelbergse Kategismus V/A 62). Gesien in die lig van die hele Skrif kan die regverdige nie in die lewe bly deur sy 'getrouheid' of 'deur reg te doen' nie.

In Jes 7:9 lees 'n mens die volgende: "אִם לֹא תִאֱמִינוּ כִּי לֹא תֵאֱמַנּוּ." Hier word geleer dat Juda moet glo en vertrou op die HERE. Hy is die een wat die militêre bedreiging sal afwend. As hulle egter nie op Hom vertrou nie en op hulle eie insigte steun sal hulle nie staande bly nie.

'n Skitterende ooreenkoms met die woorde en situasie in Jesaja 7 vind 'n mens in 2 Kron 20:20 – "הָאֱמִינוּ בַיהוָה אֱלֹהֵיכֶם וְתֵאֱמַנּוּ."<sup>12</sup> Hier word Juda weereens opgeroep om te glo en te vertrou op die HERE. In 2 Kron 20 kan ook duidelik gesien word hoe daar in die afwering van die militêre bedreiging glad nie van die mens se vermoëns gebruik gemaak is nie (2 Kron 20:22-24). Juda se geloof en vertroue was dus gerig op God, wat hulle sonder enige bydra van hulle kant, in die lewe hou.

In beide die parallelle gedeeltes word daar in tye van lewensgevaarlike militêre bedreiging – soos ook by Habakuk – 'n beroep op die volk gedoen, om hulle geloof en vertroue op God te rig en nie op hulle eie vermoëns nie.

Hieruit volg dan nou dat אֱמָנָה in Hab 2:4 as 'geloof' verstaan moet word.

God sal immers nie in 2 Kronieke 20 en Jesaja 7 die volk oproep om op Hom te vertrou nie, maar in Habakuk 2:4 leer dat die regverdige deur 'getrouheid' of 'reg doen' sal leef nie. Hieroor sê Jenni en Westermann die volgende: "If 'mn hi. is translated in Isa 7 with, 'to believe', then 'muna should be rendered with 'faith' in this context so similar of situation and genre" (Jenni & Westermann, 1997: 144).

## 5. Samevatting en gevolgtrekking.

Die objek van hierdie studie was om die betekenis van veral באֱמִנָתוֹ in die frase וְצִדִּיק באֱמִנָתוֹ יֵחִידָה te bepaal. Om by die betekenis van באֱמִנָתוֹ uit te kom is daar eerstens gekyk na verskillende vertaalekwivalente vir אֱמָנָה. Daarna is daar gepoog om die semantiese eienskappe van אֱמָנָה te bepaal soos wat die woord deur die profete gebruik word. In die derde plek is daar dan ook gekyk na wat die konteks van Habakuk en parallelle gedeeltes uit die Skrif oor die betekenis van אֱמָנָה in Habakuk 2:4 sê.

Samevattend – sonder om weer te verwys na die verskillende vertaalekwivalente vir אֱמָנָה – kan die volgende opgemerk word.

- a. Uit die semantiese eienskappe wat vir אֱמָנָה verkry is, kan die volgende voorstelle vir die verstaan van Habakuk 2:4 gemaak word.
  - "Die regverdige deur [iets van hom wat vir God aanvaarbaar is] sal hy leef."
  - "Die regverdige deur [iets van hom wat bekering en aanvaarding van Goddelike tug by die mens bewerk] sal hy leef."
  - "Die regverdige deur [sy hartsgesindheid wat aanvaarbaar is vir God] sal hy leef."

---

<sup>12</sup> Let op die gebruik van die Hifil en Nifal stam formasies van אָמַן.

- b. Uit die konteks van Habakuk en parallelle gedeeltes uit die Skrif, is die volgende oor die gebruik van אמונה in Habakuk 2:4 geleer.
- Die uitspraak van die HERE in Habakuk 2:4 kom in 'n tyd wanneer dit lyk asof die regverdige verlore is. Daar is vir hom geen uitkoms nie. Daar is geen manier dat hy uit eie vermoë iets aan sy situasie kan doen nie.
  - Dit is dan verder belangrik om te let op die feit dat die klem hier op die regverdige lê en nie op enige iemand anders nie. Gelykstaande met die klem wat geplaas word op die regverdige, is die klem wat geplaas word op die feit dat אמונה die enigste wyse is waarop hy regverdig is en/of waarop hy as regverdige te midde van die bedreiging sal leef.
  - In die konteks van die kontras tussen die regverdige en die vermetel trotse mens, behels die אמונה waardeur die regverdige moet leef, geen eie waarde of kwaliteite in homself nie.

Uit dit wat geleer is uit die semantiese eienskappe van אמונה en die konteks van Habakuk kan die volgende, op hierdie punt, oor die betekenis van אמונה in Habakuk 2:4 gekonkludeer word:

*Iets wat vir God aanvaarbaar is, iets wat bekering en aanvaarding van Goddelike tug by die mens bewerk en 'n hartsgesindheid, aanvaarbaar vir God, by die regverdige kan nooit 'iets' wees wat die mens 'n vermoë tot self verlossing gee nie. Dit moet 'iets' wees wat God in die sentrum van die mens se verlossing plaas.*

- Uit die parallelle gedeeltes in die Skrif waarna gekyk is, is daar geleer dat die regverdige net regverdig word deur middel van geloof en dan ook, as regverdige, net deur middel van die geloof kan bly leef (Gen 15:6). Verder is daar gesien dat in situasies, soortgelyk aan die van Habakuk, die mens opgeroep word om sy geloof en vertroue op God alleen te rig. So sal hy dan staande bly.

Ten slotte kan dan die volgende gevolgtrekking gemaak word:

*Uit die semantiese eienskappe van אמונה, die konteks van Habakuk en die vergelyking van Habakuk 2:4 met parallelle gedeeltes in die Skrif, blyk dit dat אמונה hier in Habakuk 2:4 die betekenis van 'geloof' of 'vertroue' het. Habakuk 2:4 beteken dan dat die regverdige deur sy geloof of vertroue sal leef. Die regverdige sal dus nie leef omdat hy getrou bly nie maar omdat hy vertrou.*

*Uit bogenoemde vloei egter ook voort dat ek nie saamstem met Ralph L. Smith as hy beweer dat die Nuwe Testamentiese skrywers die Ou Testament aangepas het om hulle leer so te begrond nie (Smith, 1984: 107).*

*Ten slotte bring hierdie studie my dan daar by uit om by die keuse van 'n vertaalekwivalent vir אמונה in Habakuk 2:4 die Strong's Hebrew and Greek Dictionary's na te volg.*

## 6. Bronnelys.

- BOTTERWECK, G.J. & RINGGREN, H. 1977. Theological Dictionary of the Old Testament. Grand Rapids: Eerdmans.
- CALVYN, J. 2003. Commentaries on the book of the Prophet Jeremia and The Lamentations. Translated from the Latin by Rev John Owen. Grand Rapids: Baker Books.
- DELITZSCH, F. 1965. Biblical Commentary on the prophecies of Isaiah (vol 1 & 2). Grand Rapids: Eerdmans.
- DELITZSCH, F. 1950. Biblical Commentary on the prophecies of Jeremiah (vol 1). Grand Rapids: Eerdmans.
- FORMKIN, V. & RODMAN, R. 1993. An Introduction to Language. Fifth edition, International edition. USA: Harcourt Brace College Publishers.
- GREIJDANUS, S. 1946. Schriftbeginnelsen ter Schriftverklaring. Kampen: J. H. Kok.
- HILL, A.E. & WALTON, J.H. 2000. A Survey of the Old Testament. Grand Rapids: Zondervan.
- HOLLADAY, W.L. 1988. A Concise Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament. Grand Rapids: Eerdmans.
- JENNI, E. & WESTERMANN, C. 1997. Theological lexicon of the Old Testament. (vol 1). Hendrickson Publishers.
- KAISER, W.C. & SILVA, M. 1994. An Introduction to Biblical Hermeneutics – the search for meaning. Grand Rapids: Zondervan.
- KOEHLER, L. & BAUMGARTNER, W. 1958. Lexicon in Veteris Testamenti Libros. Leiden: E.J. Brill.
- LAMPRECHT, A. 2004. Solomon and the “Queen of Sheba” – from semantic properties to pragmatic enrichment. *Journal for Semitics – Tydskrif vir Semitiesiek*, Vol 13 No 1 2004. SAVNOS.
- RIDDERBOS, H. 1959. Commentaar op het Nieuwe Testament aangevangen door Prof. Dr. S. Greijdanus en Prof. Dr. F.W. Grosheide. Romeinen door Dr. Herman Ridderbos. Kampen: J. H. Kok.
- ROBERTSON, O.P. The New International Commentary on the Old Testament. The books of Nahum, Habakkuk and Zephaniah. Grand Rapids: Eerdmans.
- SMITH, L.S. 1984. Word Biblical commentary. Micah-Malachi (vol 32). Waco Texas: Word book, Publisher.
- STRONG. Hebrew and Greek Dictionary's. e-Sword.
- VAN FER MERWE, C.H.J.; NAUDE, J.A.; KROEZE, J.H. 1997. Bybels-Hebreeuse Naslaangrammatika (vol 1). Stellenbosch: Hebtteg Uitgewers.